

13 Augustus

Rigters 1:17-33, (Teks: 1:19)

Hardnekkige vyande skep probleme

Die beloofde land moes as erfdeel in geloofsgehoorsaamheid in besit geneem word. Aanvanklik het die een vesting na die ander voor Juda en Simeon geval. Ons teksvers bring ons egter by 'n keerpunt. "Maar Juda kon nie die inwoners van die Vlakte verslaan en hulle stede verower nie, want hulle het ysterstrydwaens gehad". In plaas van geloofsgehoorsaam op te tree het daar kleingeloof en ongehoorsaamheid ingetree. In die gees het hulle hulself weer in 'n slawehuis ingedompel. Israel het opnuut profete kort gekom wat hulle uit hierdie slawehuis kon uitroep. Hulle het weer priesters kort gekom wat vir die sondes offers moes bring, asook konings wat hulle uit hierdie slawehuis kon uitlei.

Die antwoord vir die volkome besit van die beloofde land Kanaän is dus in Jesus Christus. Hy is ons hoogste Profeet, enigste Hoëpriester en ons ewige Koning wat ons elke dag triomfantlik deur sy Gees en Woord uitlei uit die kloue van ons doodsvyande. Ons staan as gelowiges in die gees alreeds in die beloofde Kanaän. Ons het in Christus reeds die ewige lewe.

Is dit wat ons lewe elke dag vertoon? Nee, inteendeel. Daar is slegte en sondige gewoontes wat soms met buitengewone hardnekkigheid (met ysterstrydwaens) in ons lewe bly vassit. Aanvanklik het jy jou daarteen verset, maar die sonde het hardnekkig vasgeskop en jou pogings om hul uit te gooi het al flouer en halfhartiger geword. Nou aanvaar jy die sonde, soos Israel die Kanaäniete met die ysterstrydwaens en leef maar daarmee saam. Hulle het geen woonreg meer in Kanaän nie. Die woeste sondige land van ons hart, waar die sonde (Kanaäniete) eers gewoon het, is deur die Gees van God getem en vernuwe. Dit is nou heilige land wat nie langer deur hardnekkige sonde (Kanaäniete) ontheilig mag word nie.

Sing: Psalm 103:10, 11

Ds. S.A. Cilliers (Waterberg)